

1 Junie

**Skrifgedeelte: Romeine 11:1-10**  
**Fokusgedeelte: DL, VD 1:5**

**Geloof is nie die voorwaarde nie, maar die vrug van die uitverkiesing!**

God het in die toekoms ingezyk en gesien wie glo en wie nie glo nie. Dié wat net begin glo het en dié wat al 'n ruk lank geglo het se uitverkiesing was onvolkome en nie-beslissend. Dié wat tot die einde toe volhard het se verkiesing was volkome en beslissend. Dit beteken dat God gesien het dat bepaalde mense glo en hulle uitverkies. Hierdie sogenaamde vooruitgesiene geloof is dus 'n voorwaarde vir die uitverkiesing. Omdat God gesien het dat sekere mense sou glo het Hy hulle verkies. Die geloof is dus nie 'n vrug van die uitverkiesing nie, maar die voorwaarde daarvoor. Dit is een van die dwalings wat die Sinode van Dordrecht verwerp het.

Die Skrif leer baie duidelik dat God ons uit genade gekies het en daarom ook geloof aan ons gegee het. Die geloof is dus nie 'n voorwaarde nie, maar 'n gevolg of 'n vrug van God se genadige uitverkiesing (Rom 11:5-6): "Net so is dit ook vandag: daar is 'n oorblyfsel wat uit genade deur God uitverkies is. En as dit uit genade is, dan is dit nie uit verdienste nie, anders sou die genade nie meer genade wees nie."

Wat was eerste: Die hoender of die eier? Wat was eerste: Die geloof of die uitverkiesing? Die dwaling sê die geloof was eerste, maar die Woord – en daarom ook ons belydenis – sê die uitverkiesing was eerste en dit het gelei tot die geloof!

As geloof eerste sou kom sou geeneen van ons gered kon word nie, want geeneen van ons kan vanself glo nie. Om dié rede het ons oorfloedige rede om God te dank. Hy het ons uitgekies nog voordat ons kon glo en het juis daarom geloof aan ons gegee!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~